



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

11 November 2021

### Gedagte vir die week:

"Well done is better than well said". (Benjamin Franklin)

### Vertrekpunt:

Matteus 21:28-32

### Meditasie uit die Woord:

Jesus vertel stories en speel met die Fariseërs, Skrifgeleerdes, Priesterhoofde en Familiehoofde. Hy vertel 'n eenvoudige storie met min woorde. Dit is nogal 'n kuns om met min woorde goeie stories te vertel. Die eerste seun sê, "nee", maar doen "ja". Tussen sy "nee-sê" en "ja-doen" raak sy hart spyt. Sy aanvanklike "nee" kom nie uit 'n slegte hart nie, net maar uit 'n onvolwasse hart. Later bewys sy uiteindelijke "ja" dat sy hart goed en wakker is! Hy dink ten minste oor wat hy gesê het en repudieer sy aanvanklike reaksie. Hy leef bewustelik en nadenkend. Die tweede seun se "ja" kom nie uit 'n goeie hart nie, maar uit 'n valse (skelm?) hart wat vinnige ja-beloftes maak wat nie nagekom word nie. Hy oordink nie sy valse "ja" nie en daarom gebeur daar niks in die wingerd nie. Die eerste seun word deur Jesus vergelyk met 'n prostituut (vgl die vrou by die put van Sagar in Joh 4) en 'n tollenaar (vgl Saggeus in Lukas 19) wat beide aanvanklik vir God "nee" gesê het, maar wanneer hulle deur Jesus op 'n nuwe manier met God gekonfronteer word, gebeur daar "magic" in hulle lewens en word dit 'n groot "JA!" Die "los vrou" by die put verander 'n hele dorp en Saggeus begin iets soos die ACVV! Die tweede seun word vergelyk met die Fariseërs, Skrifgeleerdes, Priesterhoofde en Familiehoofde. Wanneer God deur Jesus in lewende lywe voor hulle kom staan kan hulle tsv al hulle kennis en kerkverings Hom nie herken nie. Ek wonder met wie Jesus die kerk van ons tyd sou vergelyk. Wonder jy ook? Moenie ophou wonder nie. Dink mooi! Ek wonder oor die Round Tablers, Gift of the Givers, Lottoland, die Rotariërs, Helpende Hand, die ACVV, vreemde mense en soortgelyke "kerke" waarteen ek kleintyd al deur "my kerk" gewaarsku is. Ek wonder wie is die naaste aan die Koninkryk. Ek wonder.

### Reisgesprek en Youtube-skakel:

**Op Sondagoggend 14 November 2021 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou.** Die digitale weergawe daarvan is kort en sonder enige musiekinsetsels. Van nou af sal dit die standaard wees. Jy kan aan hierdie digitale reisgesprek deelneem by <https://youtu.be/jzxWQj9JQ1E>

### Meditasie uit die Lewe:

Saam met die "loadshedding" raak robotte mos vierstoppe. En saam met die padwerke tussen Windmeul en Wellington raak breë paaie, nou paaie. Ek bestuur my wit Polo tussen Windmeul en Wellington en leer myself van vooraf ken. Sal ek wag of sal ek ry? Sal ek die taxis wat so ongeskik indruk probeer blok en boikot? Sal ek die woorde wat ek dink hardop sê? Sal ek? Ek het Dinsdag by Florida-padstal se vierstop 20 minute gewag en toe sommer 'n hele Toblerone sjokolade wat ek 'n uur tevore present gekry het, opgeëet (opgevreet?)! Ek leer myself ken op nou paaie en vierstoppe tussen Windmeul en Wellington. Dit is baie makliker op die preekstoel. Ek het dit al die jare heimlik geweet, maar nou weet ek dit beslis! Ek sal maar 'n kruisie moet ophang aan my Polo se tru-spieëltjie. Miskien moet ek net dink aan hoe dit gaan lyk en wees as alles klaar is. Ek dink ek moet iets sing soos, "Ek sien 'n nuwe hemel kom .." Ek het hulp nodig!

### Fondsinsameling:

Ons hou weer 'n wynveiling saam met die NG Gemeente Waterkloof. Vanjaar is daar die nuutjie van 'n ONS/HULLE veiling waar 'n bottel in hulle naam meeding met 'n bottel in ons naam. Jy kan hieraan deelneem op Vrydagaand 26 November 2021 via die volgende skakel.

<https://chat.whatsapp.com/E9zXi7g4FfA8gCWdO9mmYR>

### Aantekening:

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.

**As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [nortierjohannes6@gmail.com](mailto:nortierjohannes6@gmail.com)**